

Dagstukkies

NG Gemeente Wonderpark



AGTERGROND VAN PSALM 105

Psalm 105 is 'n loflied wat na die Babiloniese ballingskap by elke groot Joodse feesgeleentheid gesing is. Die lied handel oor God se magtige daade en wonders in die lewens van die verlore generasie van die ballingskap.

1. Die banneling-generasie. (586-530 vC)

Die Babiloniese ballingskap was die mees traumatiese gebeurtenis in die geskiedenis van die Joodse volk. Hulle het geweet dat hulle die uitverkore volk is, dat Jerusalem die stad van God is en dat die tempel die woonplek van God is. Dit was vir hulle ondenkbaar dat Jerusalem of die tempel ooit sou val. Maar toe gebeur die ondenkbare: in die jaar 586 vC val die Babiloniërs Jerusalem finaal binne en die stad en die tempel word met die grond gelyk gemaak! Meer as 'n miljoen vroue, kinders en mans sterf op 'n wrede wyse en die res word in ballingskap, wat sewentig jaar geduur het, weggevoer.

2. Die beloftes van 'n nuwe toekoms

Die profete Jeremia en Jesaja het tydens die ballingskap opgetree. Op 'n stadium bereik goeie nuus die bannelinge toe Jesaja aankondig dat hulle



tyd van swaarkry verby is en dat uitkoms gaan aangebreek. (Jesaja 40).
Die Here gaan iets nuuts doen en dit staan op die punt om te gebeur.

¹⁸Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. ¹⁹Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, (Jesaja 43:18,19)

Hy is besig om 'n hoofpad in die woestyn gereed te maak en Hy gaan Jerusalem en die oorblyfsels van die tempel uit die ruïnes opbou.

²⁶Ek bring wat my boodskappers aangekondig het, tot vervulling. Ek sê van Jerusalem: Hy moet weer bewoon word, en van die stede van Juda: Hulle moet weer opgebou word, en *Ek self bou Jerusalem se ruïnes weer op.* (Jesaja 44:26)

Jeremia kondig aan dat God oor presies sewentig jaar Babel gaan straf en dat Hy die Jode weer onder Sy sorg sal neem. Hy weet wat Hy vir hulle beplan, “voorspoed en nie teenspoed nie”. Hy wil vir hulle 'n nuwe toekoms met 'n verwagting gee.

¹⁰So sê die Here: Oor presies sewentig jaar sal Ek Babel straf en julle onder my sorg neem en dan sal Ek *my belofte nakom* om julle hier na Jerusalem toe terug te bring. ¹¹Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! ¹²Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en ek sal julle gebede verhoor. (Jeremia 29:10-12)



3. God se instrument van die nuwe toekoms: Kores!

Die persoon wat God gebruik het om sy planne uit te voer, was die Persiese koning, Kores. Kores was 'n koning van 'n klein gebied in die oostelike kant van vandag se Iran.

- **God se uitverkore instrument.** Kores is deur God as herder aangestel om sy volk te bevry en te help met die opbou van Jerusalem en die herstel van die tempel (Jes 44:28). In hierdie tydperk het God aan hom 'n eretitel gegee. Hy het onder die konings as "shahan shah" bekend gestaan, wat "koning van die konings" beteken. (Jesaja 45:4)
- **Gesalfde van die Here.** God het hom as heerser oor baie nasies aangestel. Hy het saam met die Mediërs een na die ander gebied verower. Soos Kores van een gebied na 'n ander beweeg het, was daar nie veel van 'n stryd nie. Konings het gesante vooruit gestuur om met Kores te onderhandel. Na die onderhandelinge het hulle hul wapens voor hom neergelê (Jesaja 45:1). Sy ryk het later bestaan uit die groot gebied wat vandag as Turkye, Iran en Afganistan bekend staan. Hulle besluit toe om Babilon ook te verower. Die Babiloniërs was bewus dat die Mediërs en Perse soveel gebiede verower het en het besef dat hulle beurt ook sou kom. Hulle het dus begin om kosvoorrade in die stad op te bou. Met genoeg kosvoorrade en die Eufraatrivier wat met verskillende vertakkings deur die stad gevloei het, kon hulle jare uithou.
- **Die val van Babilon.** Die stadsgrense van Babilon het aan die westekant aan die oewer van die Eufraatrivier gegrens. Die res van



die stad was omring gewees van ondeurdringbare mure, bronspoorte en yster sluitbalke. Daar was ook diep gragte wat die stad se mure beskerm het. Dit was onmoontlik om die stad in te neem. Kores was egter 'n briljante strateeg.

⁵Ek is die Here, daar is geen ander nie, buiten My is daar geen God nie.

Ek rus jou toe vir jou taak al ken jy My nie. (Jesaja 45:5)

Hy het opgemerk dat die Eufraatrivier deur die stad vloei en besef dat as hy die rivier kan herlei en wegkeer na 'n moeras, sou die rivier begin leegloop en kon hy sy soldate onder die mure in die stad inbring. Sy ingenieurs het drie jaar lank gewerk om die vloei van die Eufraatrivier te herlei. Na drie jaar was die rivier droog gelê en kon die weermag droogvoets die stad van die westekant binnekom.

²Ek sê vir die diep waters van Babel: Droog op!

Ek sal jou riviere laat opdroog. (Jesaja 44:27).

Nadat die Eufraatrivier droog gelê was, het die weermag van Kores voor die stadspoorte stelling ingeneem. En toe gebeur die verrassende: generaals van die Babiloniese weermag het opdrag gegee dat die poorte van Babilon oopgemaak moes word en Kores het sonder slag of stoot die stad binne gemasjeer.



²Ek self sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak. Ek sal bronspoorte oopbreek en sluitbalke van yster stukkend kap. (Jesaja 45:2)

Hy is met ope arms in Babilon verwelkom. Nadat hy in Babilon in masjeer het, is die skatkamers van Babilon vir hom geopen en is al die skatte van Babilon aan hom gegee. God het letterlik voor hom uitbeweeg.

Ek sal vir jou die skatte gee wat in die donker gebêre word,
die rykdomme wat weggesluit is, (Jesaja 45:3)

- ***Uitvaardiging van dekreet.*** Nadat Kores Babilon ingeneem het, het hy in 530 vC die volgende dekreet uitgevaardig:

²“Koning Kores van Persië maak bekend: Die Here die God van die hemel het al die koninkryke van die aarde aan my gegee. Hy het my beveel om vir hom ’n tempel in Jerusalem in Juda te bou. Enigiemand onder julle wat aan sy volk behoort—mag sy God by hom wees—mag na Jerusalem in Juda toe gaan en die tempel gaan bou vir die Here die God van Israel. Hy is God in Jerusalem. ⁴Elkeen wat van dié volk nog oor is, waar hy ook al tydelik gewoon het, moet deur die mense van sy omgewing voorsien word van die nodige silwer, goud, gebruiksgoed en vee, tesame met ’n vrywillige gawe vir die tempel van God in Jerusalem.” (Esra 1)



4. Psalm 105 word as loflied geskryf.

Nadat die dekreet uitgevaardig is, het 'n groep Jode onder Serubbabel na Jerusalem teruggekeer om met die opbou van Jerusalem en die herstel van die tempel te begin. Nadat Jerusalem weer uit die ruïnes opgebou is en die tempel herstel is, is Psalm 105 as 'n loflied geskryf, wat daarna by elke Joodse fees gesing is.

- In die lied sing hulle oor die magtige daade en wonders van God in die lewens van die aartsvaders tot en met die intog in die beloofde land.
- Hulle sing van God se verbond en beloftes, Sy voorbeskikking, Sy verlossing, Sy versorging en die vervulling van Sy beloftes.
- Soos hierdie geslag die magtige daade en wonders van God beleef het, het hulle ook God se magtige daade en wonders beleef.

5. Die corona-pandemie generasie


In hierdie tydperk verloor baie mense hulle werk en inkomstes. Besighede kry swaar en moet nuwe maniere vind om te oorleef. Hierdie pandemie gaan wel tot 'n einde kom, maar in sekere sektore gaan groot skade aangerig word. Die uitdaging gaan bestaan om uit die ruïnes van die pandemie weer 'n nuwe toekoms te bou. Terwyl die Jode in ballingskap gesit het, kry hulle 'n boodskap van Jesaja,

“Ek self bou Jerusalem se ruïnes weer op”. (Jesaja 44:26)



God het kragtig in die lewens van die aartsvaders en die verlore generasie van die ballingskap gewerk. Hy het uit die ruïnes van Jerusalem en die rommelhoop van die tempel vir die Jode weer 'n nuwe toekoms gebou. Die generasie van die corona-pandemie kan met dieselfde hoop en verwagting leef, dat uit die ruïnes van die pandemie weer 'n ander toekoms gaan wees. Vandaar ons tema:

“Uit ruïnes word hoop gebore en 'n nuwe toekoms geskep”



UIT RUÏNES VERRYS 'N NUWE TOEKOMS

PSALM 105:1-5

1. Opgebou uit ruïnes (1:1)

Loof die Here! Roep Hom aan!

Maak aan die nasies bekend *wat Hy gedoen* het.

Psalm 105 is 'n loflied wat deur Jode na die Babiloniese ballingskap by Joodse feeste gesing is. Hulle sing oor ruïnes, hoop, heropbouings en 'n nuwe toekoms. Die lied handel oor 'n tydperk toe die Jode alles verloor het en daar net 'n hoop klippe van Jerusalem en die tempel oorgebly het. God het die ondenkbare gedoen om die bannelinge uit Babilonië te red en na sewentig jaar weer terug te bring na Jerusalem. Hier begin hulle om uit ruïnes die stad en die tempel weer op te bou en om 'n nuwe toekoms te skep.

2. 'n Feeslied oor die magtige dae van God (1:2,3a)

²Sing liedere, sing tot sy eer, vertel van

al sy magtige dae. Roem sy heilige Naam.

Nadat die stad en tempel opgebou is, word Psalm 105 as 'n feeslied geskryf wat by elke Joodse feesgeleentheid gesing is. Die feesgangers herbevestig hulle geloof in God en in die lied dink hulle terug oor die magtige dae van God wat oor 'n tydperk van vierhonderd-en-dertig jaar plaasgevind het. Dit is die tydperk van die aartsvaders (12-15), Josef



in Egipte (16-22), van Moses en die uittog (23-38), die tydperk in die woestyn (39-41) en die intog in die beloofde land (42-44). Soos God in hierdié tydperk gewerk het, het Hy ook in hulle tyd met magtige daade en wonders gewerk.

3. Die feesgangers bely hulle geloof in God. (105:7a)

Hy, die Here, is ons God! Sy reddingsdade strek oor die hele aarde!

Die feesgangers begin met hulle belydenis wanneer hulle met oorgawe sing dat “Yahweh” hulle God is. Dit is die naam waarmee God homself aan Moses by die Braambos bekend gemaak het.

Toe sê God vir Moses: “Ek is wat Ek is (Yahweh). Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.” Verder sê God vir Moses: “Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: ‘Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.’ *Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeriep moet word van geslag tot geslag.* (Exodus 3:14,15)

Yahweh beteken “Ek is wat Ek is” of vry vertaal, “I ever shall be the same that I am today”. Yahweh sit op Sy troon en Sy reddingsdade strek oor die hele aarde. Hy is almagtig, hoogverhewe en ewigdurend. Dit is Yahweh wat ‘n verbond met Abraham sluit en met magtige daade en



wonders Sy uitverkorenes uit Egipte lei. Dit is Yahweh wat Sy volk in ballingskap onthou en hulle terugbring om uit die ruïnes van Jerusalem en die tempel 'n nuwe toekoms te bou. Die feesgangers bely dat hulle lotsbestemming in Yahweh se hande is en in Hom plaas hulle hul geloof en vertrou.

4. Die feesgangers word opgeroep om God te soek. (105:3b en 4)

Laat dié wat die teenwoordigheid van die Here *soek*, bly wees.

⁴*Soek* hulp en beskerming by die Here, *soek* gedurig sy teenwoordigheid.

In hierdie verse kom drie verskillende aspekte van ons verhouding met God navore. Yahweh staan in 'n persoonlike verhouding met Abraham, Isak, Jakob en met Sy uitverkorenes. Die feesgangers word in die *eerste plek* opgeroep om in 'n persoonlike verhouding met Hom te staan. Die feesgangers word in die *tweede plek* opgeroep om hulle hulp en beskerming onder die "magtige arm" van God te soek en in die *derde plek* word hulle opgeroep om die "gesig" van die Here te soek. Hulle spoor mekaar aan om in Sy teenwoordigheid te leef.

5. Die feesgangers onthou die magtige dae en wonders van God. (105:5)

⁵Julle moet *dink* aan die magtige dae wat Hy gedoen het, aan sy wonders, aan die reddingsdae op sy bevel



Die feesgangers word nou aangemoedig om oor die magtige dade, wonders en reddingsdade, wat op God se bevel plaasvind, na te dink.

Onthou God se magtige dade. Die “magtige dade” verwys na natuurverskynsels waarin God se krag sigbaar word. Dit verwys na die ontstaan van die skepping, aardbewings, watervloede, asemrowende natuurverskynsels en ander verskynsels. Die feesgangers onthou die magtige dade in die lotsbestemming van die aartsvaders, Josef en Moses, die tydperk in die woestyn en die intog in die beloofde land. Met dieselfde magtige dade het God hulle gehelp om uit die ruïnes van Jerusalem en die tempel ‘n nuwe toekoms te bou. Dit is met dieselfde magtige dade dat God ons instaat gaan stel om uit die ruïnes van die Corona-pandemie ‘n nuwe toekoms te bou.

Onthou God se wonders. Wonders het te doen met bo-natuurlike verskynsels wat van tyd tot tyd plaasvind. Die bo-natuurlike gebeurtenisse in Egipte, die tog deur die Rietsee en water wat uit ‘n rots vloei is tekens van God se wonders. Jesus het in die Nuwe Testament ook wonders verrig toe Hy water in wyn verander het en die massas met ‘n paar broodjies en vissies gevoed het. Die grootste wonder was toe Jesus uit die dood opgewek is. Die Jode het ook wonders beleef toe God die geskiedenis verander het en hulle na Jerusalem kon terugkeer. Ook ons gaan in hierdie tyd God se wonders beleef, want

Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee

Ek aangeriep moet word van geslag tot geslag. (Exodus 3:15)



6. Waaroor sing die feesgangers?

Hulle sing 'n loflied oor 'n tweede kans wat hulle gegun is. Met die Babiloniese ballingskap het hulle land in puinhoop gelê en was hulle vreemdelinge in Babilonië met geen hoop of toekomsverwagting nie. Maar God het Sy verbond met die aartsvaders onthou en het hulle lot verander.

Ook ons gaan uit die ruïnes van die Corona-pandemie aan 'n nuwe toekoms werk. Ook in hierdie tyd gee God ons nog steeds hoop en 'n nuwe toekoms-verwagting. Soos God se trou, magtige dae en wonders in Sy volk sigbaar geword het, gaan ons ook in hierdie tyd God se magtige dae en wonders beleef.

GOD SE TROU GELD VIR DUISENDE GENERASIES

SKRIFLESING. PSALM 105:8-11

1. Vaste ankers in stormagtige weer. (105:8)

Gedurende die ballingskap het die Jode deur stormagtige weer beweeg. Skepe in die antieke tyd het vier ankers gehad, twee voor en twee agter. Wanneer 'n skip deur stormagtige weer moes vaar en die gevaar van skipbreuk bestaan het, is al vier ankers uitgegooi om stabiliteit en vastigheid te verseker. In stormagtige tye het gelowiges stewige ankers nodig en sulke ankers is die verbond en beloftes van God. Terwyl die Jode in ballingskap was, het hulle hul geloof in die verbond en beloftes van God geanker. Ons beleef vandag weer stormagtige toestande en het



vaste ankers in ons lewens nodig. Hierdie anker is God se verbond en Sy beloftes. Die verbond gee aan gelowiges die versekering dat God in stormagtige weer met hulle is. Dit is die onbeweeglike lewensanker van ons geloofsvertroue, hoop, deursettingsvermoë en toekomsverwagting.

2. Die feesgangers is God se kinders. (105:6)

¶Julle, nageslag van Abraham sy dienaar, nakomelinge van Jakob
vir wie Hy uitverkies het

In die eerste deel van die lied verwys die sangers meermale na “julle”. Hierdie “julle” is die nageslag van Abraham en die uitverkorenes van God. Terwyl hulle in ballingskap was, kla hulle dat God hulle verlaat het en van hulle vergeet het (Jesaja 49:14). Maar God het hulle nie vergeet of alleen gelaat nie, want hulle is Sy uitverkorenes en eiendom. Hy het hulle geskep, in die moederskoot gevorm en verlos. Hy ken elkeen op die naam en hulle behoort aan Hom,

Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne. (Jesaja 43:1).

In stormagtige weer en onstuimige toestande hoef hulle nie bang of bekommerd te wees nie, want Hy is by hulle, versterk hulle, help hulle en hou hulle in Sy arms vas.



¹⁰Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou. ¹³Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ek help jou. ¹⁴Moenie bang wees nie, al is jy niks meer as 'n wurm nie, Jakob, al is jy klein, Israel. Ék help jou, sê die Here jou Verlosser, die Heilige van Israel. (Jesaja 41:8-14)

Hulle is inderdaad nooit alleen of hulpeloos nie, want Hy het sy Gees op hulle uitgestort en hulle behoort aan Hom.

Die een sal sê: *Ek behoort aan die Here* en homself 'n nakomeling van Jakob noem; Die ander sal op sy hand skryf: *die Here S'n* en homself 'n lid van die volk Israel noem (Jesaja 44:1-5)

God troos hulle nie net nie, maar Hy verseker hulle ook van 'n nuwe toekoms. Hulle hoef nie langer by die ruïnes van die verlede stil te staan of net aan die dinge van vroeër te dink nie. God gaan iets nuuts doen en dit staan op die punt om te gebeur. Hulle kan dit selfs sien kom: God gaan 'n pad in die woestyn maak. Hierdie pad is die hoofweg terug na Jerusalem sodat hulle uit die ruïnes van Jerusalem weer 'n nuwe toekoms kan bou. (Jesaja 43:18,19)

3. Daar bestaan 'n unieke band tussen God en Sy kinders (105:8-10).



⁸Hy hou *sy verbond* altyd in stand, *die belofte* wat Hy aan duisende geslagte toegesê het, ⁹die verbond wat Hy met Abraham gesluit het, sy eed aan Isak. ¹⁰Hy het dit vir Jakob bevestig as 'n vaste toesegging, vir Israel as verbond wat altyd sal bestaan. ¹¹Hy het gesê: “Ek gee Kanaän vir jou as grondgebied en eiendom.”

Hoekom wag daar 'n nuwe toekoms op hierdie groep in Babilon? God het die verbond wat Hy met die aartsvaders gesluit het, onthou en Hy verbreek nooit Sy beloftes. In die verbond het Hy aan Abraham 'n groot nageslag en 'n eie vaderland belowe (Genesis 15). Dit was 'n permanente ooreenkoms wat vir duisende geslagte geld, ook vir die generasie van die ballingskap (Genesis 17:7-10).

Die vervulling van die verbond en God se beloftes. In die vervulling van die beloftes was daar egter probleme. Sara was onvrugbaar en Abraham sou 'n vreemdeling in die beloofde land bly. Hy sou nooit die vervulling van die belofte van 'n eie vaderland beleef nie. Toe God met hom 'n verbond oor 'n eie vaderland gesluit het, het Hy ook bygevoeg dat sy nageslag vreemdelinge in 'n land sal wees wat nie aan hulle behoort nie. In hierdie land sal hulle vir vierhonderd jaar soos slawe behandel word. Die vierde geslag ná Abraham sal na die beloofde land terugkeer.

Toe Abraham honderd jaar oud was, het God aan die onvrugbare Sara *gedink* soos Hy beloof het. Hy het *sy belofte* teenoor haar nagekom en sy het op 'n hoë ouderdom swanger geword en 'n seun in die wêreld



gebring. Ook die vervulling van hierdie belofte het op die bestemde tyd plaasgevind (Genesis 21).

4. Die generasie van die Corona-pandemie

God se verbond en beloftes geld vir duisende generasies, ook vir die generasies van die ballingskap en die Corona-pandemie. Christus het deur Sy bloed die Middelaar van die nuwe verbond geword en bied aan ons 'n vaste anker vol geloofsvertroue, hoop, krag, inspirasie en deursettingsvermoë. Die gelowiges tydens Covid-19 en daarna kan met 'n vaste oortuiging en lewende hoop na 'n nuwe en beter toekoms kyk. Soos die Jode uit die ashope van Jerusalem 'n nuwe toekoms kon bou omdat God sy verbond en beloftes onthou het, sal ook hierdie generasie uit die ruïnes van die Corona-pandemie 'n nuwe toekoms kan bou. Soos die feesgangers 'n loflied gesing het omdat God sy beloftes nagekom het, gaan die 2020-gelowiges ook 'n nuwe loflied sing omdat God die beloftes van Sy verbond nagekom het. Saam met generasies deur die eeue heen glo ons:

*⁸Hy hou sy verbond altyd in stand, die belofte
wat Hy aan duisende geslagte toegesê het,
(ook vir die geslag van die Corona-pandemie)*



ONDER GOD SE BESKERMING

PSALM 105:12-15

1. 'n Klein groepie mense trek die onbekende in.

¹²Toe hulle nog maar min was, net 'n paar mense,
en vreemdelinge in die land,

¹³toe hulle van volk na volk geswerf het,
van die gebied van die een volk na dié van 'n ander,

Die feesgangers sing oor die magtige daade en wonders van God in die lewens van 'n klein groepie, weerlose mense. Terwyl hulle in 'n vyandige en vreemde wêreld intrek, het hulle onder die beskerming van God gestaan.

Tera en sy gesin. Die verhaal van die aartsvaders begin met Tera wat met sy klein familie uit die wêreldstad, Ur van die Chaldeërs, na Haran trek. Tera was van koninklike afkoms en Sarai, sy skoondogter, was 'n vorstin. Terwyl Tera in Ur was, het hy die maangodin Nanar aanbid (Josua 24:2). Hy het drie seuns gehad, Abraham, Nahor en Haran. Haran was die vader van Lot. Nadat Haran gesterf het, het Tera vir Abraham en sy beeldskone vrou, Sarai en Lot geneem en na Haran getrek. Hulle het vir 'n tyd in Haran gebly totdat Tera gesterf het. (Genesis 11:27-32).

Bedoeïene in 'n onbekende, vreemde wêreld. Na die dood van Tera het hierdie klein groepie mense met hulle slawe en vee in 'n onbekende en vyandige wêreld inbeweeg. As bedoeïene het hulle van gebied na gebied getrek en oral was hulle net vreemdelinge en bywoners. Hulle het deur



Kanaän, die gebiede van die Hettiete, Filistyne, Sodom en Gomorra tot in Egipte getrek. Daarvandaan het hulle teruggetrek en in die Negevoestyn gaan vestig. Die hele trek was ongeveer 1600 km gewees. In hierdie hele tydperk was hulle vreemdelinge met die belofte van 'n vaderland. Hulle enigste besitting was 'n stukkie grond vir Sara se graf ,

⁸Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom.

⁹Omdat hy geglo het, het hy in die beloofde land gaan woon, 'n vreemdeling in 'n vreemde land. (Hebreërs 11:8,9)

2. Hierdie klein groepie staan onder die beskerming van God

¹⁴het Hy niemand toegelaat om hulle te verdruk nie,
en het Hy selfs konings ter wille van hulle gewaarsku:

In hierdie tydperk het die klein bedoeïene onder die beskerming van God se magtige dade en wonders gestaan. Farao en sy harem word deur 'n hoogsaansteeklike en dodelike veluitslag getref. God verskyn in 'n droom aan Abimeleg en sy harem word met onvrugbaarheid getref. In elke situasie het God 'n ander manier gebruik om hierdie klein, weerlose groepie te beskerm.

God tref Farao en sy gesin met swaar plae (Genesis 12)

Terwyl Abraham deur Kanaän getrek het, breek daar 'n swaar hongersnood uit en trek hy verder tot in Egipte. Hy was baie bang dat



die Egiptenare hom sou doodmaak om sy vrou te vat. Hy bedink toe 'n plan en sê vir die amptenare van Farao dat Sarai sy suster is. Hulle gaan vertel dit toe vir Farao, wat haar graag deel van sy harem wou maak. Nadat 'n reuse bruidskap betaal is, word die beeldskone Sarai na die paleis van Farao geneem. Daardie nag het die Here vir Farao en sy harem egter met swaar plaë getref. Die plaë was 'n dodelike veluitslag wat met hoë koors gepaard gegaan het. Hierdie veluitslag was hoogsaansteeklik wat deur fisiese kontak oorgedra en versprei word (Exo-dus 9:9). Die bygelowige Egiptenare het hierdie plaë as die straf van gode beskou, nadat op seksuele terrein oortree is. Hulle het vermoed dat hierdie hoogsaansteeklik veluitslag iets met Sarai te doen gehad het. Die Farao het be-sef dat Abraham onder die beskerming van die "gode" staan. Toe roep die Farao vir Abram en vra hom:

"Wat het jy my aangedoen? Waarom het jy my nie gesê sy is jou vrou nie? ¹⁹Waarom het jy gesê sy is jou suster, sodat ek haar as my vrou gevat het? Hier is jou vrou dan. Vat haar en maak dat jy wegkom!"

God waarsku Abimeleg in 'n droom (Genesis 20)

Abraham het weer getrek en in Gerar gaan woon. Weereens vertel hy vir almal dat Sarai sy suster is. Koning Abimeleg van Gerar het dit gehoor en haar laat haal om met haar te trou. God het toe in drome aan hom verskyn en hom gewaarsku om nie met haar te trou nie. Sy is reeds getroud. Daarna het God in ander droom aan hom verskyn en gesê dat



hy nie sal sterf nie en dat hy Sarai moet teruggee. Toe sê die Here vir Abimeleg,

“Gee nou die vrou terug aan haar man. Hy is ’n profeet. Hy sal vir jou bid dat jy kan bly lewe. Maar as jy haar nie teruggee nie, moet jy weet jy sal beslis sterf, jy en almal wat by jou is.” (Genesis 20:7)

Gesalfdes en profete.

¹⁵“Moenie aan my gesalfdes raak nie,
moenie my profete kwaad aandoen nie!”

Abimeleg het in hierdie tydperk ’n onbekende siekte opgedoen en die gevaar het bestaan dat hy daaraan kon sterf. Sy harem was ook tydelik met onvrugbaarheid getref. Nadat Abimeleg vir Abraham en Sara tereggewys het vir die onreg wat hom aangedoen is, het hy hulle oorlaai met baie geskenke. Abraham het toe vir hom gebid en hy het gesond geword. Hy het ook vir sy harem gebid en God het hulle onvrugbaarheid weggeneem (Genesis 20:17, 18).

3. Onder die beskerming van die magtige dae en wonders van God

Die feesgangers sing oor die magtige dae en wonders van God in die lewens van ’n klein groepie mense wat in ’n vyandige en vreemde wêreld intrek en onder die beskerming van God staan. God het hulle beskerm met die uitbreek van ’n hoogsaansteeklike veluitslag, deur drome, siekte en tydelike onvrugbaarheid. Alhoewel Abraham vir sy



lewe gevrees het en leuens vertel het, het hy onder die beskerming van God gestaan. Hy het die verbondslyn beskerm waaruit 'n groot nageslag moes kom, o.a. koning Dawid en die Messias. Ook ons staan vandag nog steeds onder die beskerming van die magtige daede en wonders van God.

